



eduresourceza.com



HIRSCH LYONS BOYS' AND GIRLS' HIGH SCHOOL

GRAAD 12 AFRIKAANS EAT

MEMO TOETS 2: Donker web (hoofstukke 1 – 36)

5 Mei 2023

VRAAG 1: Kontekstuele vrae	Punte	Vlak
1.1.1 Iemand wat uit die aanhoudingselle vir hom geskree het.	1	2
1.1.2 Hy mag nie oor die Baker praat nie.	1	2
1.1.3 Sy pa sal seerkry daar in Pretoria (bl. 103-4) Of soortgelyk	1	2
1.2 Dain het vir Greg Ritalin gegee om wakker te bly sodat hy kan studeer	1	1
1.3.1 Sy was by die winkelsentrum en dit het gevoel of iemand haar agtervolg/ Sy het besef dat iemand haar dophou (bl. 93) Of soortgelyk	1	2
1.3.2 6 foto's van sy ma in die winkelsentrum wat volgens die datumstempel daardie dag geneem is. (bl. 94)	1	1
1.4.1 Kgosi Mampuru/ Pretoria Sentraal/ C-Max (bl. 60)	1	1
1.4.2 Sy pa moet versigtig wees, want daar is mense wat hom sal seermaak namens die Baker. Of soortgelyk	1	2
1.5.1 (Oom) Dirk Schutte (bl. 49)	1	1
1.5.2 Hy is Lisa, Plank se meisie se pa (bl. 35-6, 48-51)	1	1
1.5.3 Hy is 'n afgetrede polisieman/ Hy het vir Greg gewaarsku dat dit gevaarlik is om by die Onderwêreld betrokke te raak. Of soortgelyk	1	4
	[11]	

VRAAG 2: Paragraaf <u>Die drie pakkies</u>		
- In die EERSTE pakkie is 'n gebrande boek met chemiese formules, diagramme en onbekende woorde waarvan Greg min verstaan. Party bladsye is uitgeskeur en ander is geskroei sodat 'n mens nie alles kan lees nie. Op die laaste bladsy staan die woord <i>Valkyrie</i>. √√ Enige 2 feite Daar is 'n getikte boodskap in 'n koevert: "Miskien sal dit jou help om die Baker op te spoor." √ (bl. 53-4) - In die TWEEDE pakkie was daar 'n nuwe skootrekenaar/laptop (bl. 114) √, maar Greg het nie die password/ wagwoord/ kode gehad om dit oop te maak nie. √ - Op die kant van die DERDE pakkie staan daar DANGEROUS THINGS gedruk. (bl. 115) √ Binne-in is 'n elektroniese skyfie so groot soos 'n ryskorrel/ 'n transponder/ 'n stukkie elektroniese teosrusting in 'n glasomhulsel. (bl. 116-7)√ Greg moet die pakkie na 'n tattoo shop/ tatoeëerkunstenaar neem en vra dat hulle dit in sy hand implant (bl. 117). √	2 1 1 1 1 3 [8]	1 1 2 1
Vraag 3: Dialoog (bl. 134-138)		
Greg: Ek het eers gedink hy is nie daar nie, want ek kon hom nie sien nie, maar 3.1 toe sien ek Xander se weerkaatsing langs myne in die water gesien. (Dit het my laat dink aan) 3.2 toe ek Eckardt se weerkaatsing in die venster in Clarens gesien het. Plank: Was hy gewapen? Greg: 3.3 Ja, ½ hy het 'n pistool gehad. ½ Plank: Was julle gesprek maklik, soos tussen vriende? Greg: Nee. Hy het gesê ons hele gesin 3.4 het gekry wat ons verdien het en toe forseer hy my om te sê dat hy reg is. Xander het gevra of 3.5 ek die nuwe laptop/ skootrekenaar gebring het en of ek die ou een vernietig het. Plank: Toe kon jy darem JA sê. Het julle oor jou selfoon gepraat? Greg: 3.6 Ja. Ek het geantwoord dat ek dit by die lughawe weggegooi het, maar toe breek Xander my simkaart. Plank: Sal Xander jou help om die Baker te soek?	1 1 1 1 1 1 1 1 1 1 1 1	1 2 1 2 1 1 1 1

Greg: Hy het eers gesê dat hy sal, maar toe hy 'n nuwe selfoon in my hand sit, het hy kwaad geword en gesê die deal is af.		
Plank: Wat het gebeur? Vertel alles wat gebeur het en wat julle gesê het.		
Greg: 3.7 Hy het die nuwe selfoon oor my hand gegee. Toe gee hy dit oor die plek tussen my duim en voorvinger van my ander hand. Niks het gebeur nie, want die transponder moes die foon oopsluit. Xander het gesê ek het vir hom gelieg en dat ek net soos my pa is. Ek het gesê ek is jammer en het gevra wat ek moes betaal sodat hy my kon help om die Baker te soek, maar hy het net gesê die deal is af en toe verdwyn hy tussen die mense.	3	2
Enige 3 feite		
Plank: Ag nee! Nou sal ons maar in Turkye moet vakansie hou. Kom ons gaan soek 3.9 'n hotel/ blyplek/ slaapplek en kos/ iets om te eet. (2 x ½)	1 [11]	1

TOTAAL : 30